





# DIE SKRYWER SE DOOD IS DIE ANDER SE BROOD

DAARDIE PERSOONLIKE BRIEF OF DAGBOEKINSKRYWING WAS NOOIT BEDOEL VIR SOMMER ENIGEEN SE OË NIE, MAAR NOU BELAND DIT POSTUUM IN 'N TOPVERKOPERBOEK. WAT IS DIE REGS- EN ETIESE IMPLIKASIES?

**D**agboeke en briewe word nie gewoonlik geskryf met die idee dat dit 'n groot leserspubliek sal bereik nie. Tog beland sulke persoonlike dokumente van bekende skrywers meermale ná hul dood in die openbare domein wanneer dit in boekvorm uitgegee word.

Dink maar aan die briefwisseling van N.P. van Wyk Louw en sy broer W.E.G. Louw en van André P. Brink en Ingrid Jonker. Van einste Brink het onlangs verskyn *André P. Brink en die spel van die liefde*, 'n literêre biografie wat grootliks op sy persoonlike joernale geskoei is.

Tydens skrywers se leeftyd kan hulle toestem tot die publikasie van persoonlike dokumente en die openbaarmaking van private geskrifte. Gebeur dit egter ná hul afsterwe is dit 'n heel ander en dikwels gevoelige saak.

## 'N ONDRAAGLIKE GRYS GEBIED

In teenstelling met hedendaagse ekwivalente soos sosialemedia-platforms of 'n persoonlike blog is die aard van dagboeke en persoonlike briewe bepaald privaat. Daardie brief is waarskynlik slegs bedoel vir die oë van die ontvanger; die dagboek vir bepeinsing of persoonlike boekstaving. Dit kan vertroulike inligting bevat wat nie vir die openbare domein bedoel is nie.

Dit is nie verrassend dat hierdie tipe publikasies gewilde leesstof vir aanhangers van boeke en skrywers is nie. Die intimiteit en onmiddellikheid van briewe en dagboekinskrywings maak die leeservaring voyeuristies en dikwels nog boeiender.

Die publikasie van skryfsels wat in en vir die private sfeer geskryf is, kan tot reputasieskade lei, veral in die geval van skrywers. Dagboekinskrywings kan onafgewerk en ondeurdag wees – blote vingeroefeninge wat nie geskep is om tot die skrywer se beeld of oeuvre by te dra nie. Briewe maak weer gewoonlik staat op die goeie begrip van die ingeligte ontvanger, iemand met wie die skrywer waarskynlik 'n persoonlike verhouding het.

Persoonlike dokumente kan egter ook 'n interessante, nuwe lig op skrywers se skeppingsproses en hul werk werp, hul vorming as kunstenaar, hul veranderende sienings en gevoelslewe, asook op die tyd waarin dit geskryf is.

Louise Viljoen, professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch, meen hoewel sulke dokumente literêre-historiese waarde het, moet die privaatheid daarvan gerespekteer word.

“Indien die skrywer van briewe of dagboeke self die besluit neem om dit te publiseer, is dit in orde, andersins het ek voorbehoude,” sê sy. “Ek moet egter erken dit is 'n maklike swart-wit-uitspraak in 'n ondraaglike grysgebied waarin literêre erfgename, biograwe en uitgewers daaglik gedwing word om moeilike keuses te maak.”

## OUTEURSREG

Sadulla Karjiker, bekleër van die Universiteit Stellenbosch

## OUTEURSREGBESKERMING GELD IN SUID-AFRIKA TOT 50 JAAR NÁ DIE OUTEUR SE DOOD. DAAR RUS 'N VERANTWOORDELIKHEID OP DIE SKRYWER SE ERFGENAME OM DIE OUTEURSREG VIR DAARDIE TERMYN TE BESTUUR.

se Anton Mostert-leerstoel vir intellektuele goedere-reg, bevestig dat persoonlike dokumente soos dagboeke en briewe net soos romans, gedigte of ander letterkundige werke in beginsel onder Suid-Afrikaanse wetgewing as outeursregwerke beskerm word. Indien 'n dagboek ook sketse bevat, kan daardie sketse as artistieke werke beskerm word. J.R.R. Tolkien het byvoorbeeld die fantasiewêreld van sy boeke in besonderhede geskets.

Vir outeursregbeskerming hoef dit ook nie 'n kunstige skets of goed geskrewe dagboekinskrywing te wees nie, dit moet slegs oorspronklik wees in die sin dat dit die outeur se eie skepping is en nie 'n slaafse kopie nie. In Suid-Afrika geld 'n relatief lae maatstaf in die beoordeling van oorspronklikheid.

Om briewe, dagboeke of sulke persoonlike dokumente te mag reproduseer moet jy óf toestemming van die outeursreghouer verkry óf jy moet op 'n uitsondering of verweer teen outeursregskending kan staatmaak. Indien nie, kan daar 'n saak van outeursregskending teen jou gemaak word. Remedies waarop outeursreghouers hulle kan beroep, sluit in 'n interdik ('n voorkeurremedie om die verspreiding van die inligting te voorkom) en skadevergoeding, wat soms in die vorm van redelike tantième bereken word. Sadulla wys daarop skade kan gewoonlik moeilik wees om te kwantifiseer, veral waar dit oor sensitiewe inligting gaan.

Dit is die outeursreghouer se eksklusiewe reg om onder meer publikasie te magtig. Outeursregbeskerming geld in Suid-Afrika tot 50 jaar ná die outeur se dood. Daar rus 'n verantwoordelikheid op die skrywer se erfgename om die outeursreg vir daardie termyn te bestuur. Hulle mag besluit wat ná die skrywer se afsterwe toegelaat word of nie, ongeag of hulle fisieke besit van die outeursregwerke het.

Sadulla sê daar moet onderskeid getref word tussen die fisieke voorwerp en die outeursreg wat daarin vervat is. Outeursreg beskerm die nie-tasbare inhoud en dus die skrywer se intellektuele produk, terwyl eiendomsreg ter sprake is waar dit oor die fisieke voorwerp gaan. In die geval van 'n brief is die persoon wat dit ontvang en in besit daarvan is tipies nié die outeursreghouer nie – die skrywer

is. Ook oor briewe sal die erfgenaam as outeursreghouer seggenskap hê oor wat ná die skrywer se dood met die inhoud gebeur. Hierdie posisie geld ongeag of die dokumente in 'n argief of navorsingsentrum aan die algemene publiek beskikbaar is.

Waar die outeursreg berus, bly 'n afsonderlike vraag.

Volgens Sadulla is “billike gebruik” 'n moontlike verweer teen die outeursregskending van persoonlike dokumente. Billike gebruik is 'n statutêre uitsondering wat behels dat daar vir bepaalde doelwitte wat in die wet uiteengesit is – soos navorsing, persoonlike studie of vir doeleindes van die beoordeling van 'n werk – nie outeursregtoestemming benodig word om dele van die werk te reproduseer nie, mits dit in redelike of “billike” hoeveelhede is.

As wesenlike dele van die werk gekopieer en byvoorbeeld vir kommersiële doeleindes gebruik word, soos in 'n boek wat in boekwinkels te koop sal wees, sal outeursregtoestemming benodig word, sê sy. Howe in Engeland het al beslis die billike-gebruik-uitsondering sal moeilik toegepas word op die beskikbaarmaking van voorheen ongepubliseerde werke, veral as daardie werke op 'n ongemagtigde manier bekom is.

Morele regte, daardie deel van outeursreg wat skrywers die reg gee om beswaar te maak teen die gebruik van hul werk op maniere wat tot reputasieskade kan lei, is volgens kenners vergelykbaar met persoonlikheidsregte in Suid-Afrika: dit verval wanneer die outeur sterf en sal dus nie 'n rol speel in postume publikasie nie.

## DIE REG OP PRIVAATHED

Elkeen het persoonlikheidsregte, soos die reg op reputasie of goeie naam en die reg op privaatheid.

Bernard Wessels van die Universiteit Stellenbosch se fakulteit regsgeleerdheid verduidelik die reg op privaatheid behels eintlik maar om alleen gelaat te word, veral wat die persoonlikste aspekte van 'n persoon se bestaan betref wat nie normaalweg met die algemene publiek gedeel word nie. Dit is goed soos gesondheidstatus, seksuele oriëntasie, finansiële posisie, lewenstyl en gesinslewe, asook inligting wat vertroulik is of verband hou met 'n persoon se jeug, agtergrond of geskiedenis – juis sake wat geredelik in dagboeke of persoonlike briewe aandag kan kry.

Die reg op privaatheid word nie net in die gemenerereg beskerm nie, maar ook in art. 14 van die Grondwet verskans. Dié artikel waarborg onder meer elke persoon se reg op die privaatheid van sy of haar kommunikasie.

'n Oorlede skrywer se privaatheid kan egter nie geskend word wanneer sy of haar dokumente gepubliseer word nie, sê Johann Neethling, navorsingsgenoot aan die Universiteit van die Vrystaat se departement privaatreë.

“In ons reg ontstaan

persoonlikheidsregte met die geboorte van 'n mens en gaan tot niet met sy dood. Naasbestaendes kan wel aanvoer dat húl reg op privaatheid geskend word deur die postume publikasie van die skrywer se dagboeke indien daar persoonlike inligting oor hulle in die dagboeke is.”

'n Moontlike verweer teen privaatheidskending is dat die bekendmaking van die inhoud in die openbare belang is, sê Johann.

“Dit sluit in dat die persoon 'n openbare figuur is; sy belangrikheid en status in die gemeenskap; die motief vir die publikasie – is dit bloot vir sensasiedoeleindes of om publieke nuuskierigheid te bevredig?; die omvang en intensiteit van die privaatheidskending – word daar besonder intieme feite ontbloot?; die feit dat die dokumente onregmatig bekom is, soos deur diefstal; en die graad van die identifiseerbaarheid van die persoon wie se privaatheid ontbloot word.”

Indien daar boonop lasterlike inhoud is, kan 'n afsonderlike lastereis ingestel word. Enigeen wat in dagboeke of briewe – dokumente waar die spreekwoordelike wag voor die mond soms nie aan diens is nie – belaster word, kan sulke eise instel.

“Enige persoon wat die laster herhaal, beaam of selfs net die aandag daarop vestig, kan aangespreek word,” sê Johann. “Dit sal dus die erfgename wat die publikasie gemagtig het en die uitgewer daarvan insluit.”

Een ding is seker, daar is oorgenoeg rede om twee keer te dink voordat die inhoud van daardie ou bladsye in hul sierlike handskrif die wêreld ingestuur word. ♡

DEUR CATRINA WESSELS  
ILLUSTRASIES: WILLEM SAMUEL

